MONTAGU
LAERSKOOL • PRIMARY SCHOOL
LANGSTRAAT, MONTAGU, 6720 • POSBUS / P.O. BOX 10, MONTAGU, 6720
TEL: (023) 614 1640 - FAKS / FAX: (023) 614 3963 • E-POS / E-MAIL: monties@telkomsa.net

2 Julie 2020

Beste Ouers

OB 16 – K2: Departement van Onderwys – Hersiene maatreëls vir die infasering van leerders

Ons het laat vanmiddag 'n kennisgewing ontvang vanaf die onderwysdepartement, wat die maatreëls vir die infasering van leerders op 6 Julie hersien. Die skrywe van die WKOD word ook aangestuur.

Ons skool het toestemming ontvang om leerders vroeër in te faseer, wat ons ook gedoen het. **Skole met toestemming kan steeds voortgaan met die implimentering daarvan**. Ons gaan voort met ons A- en B-groepe, soos reeds vir u deurgegee. Hierdie week is groep B by die skool en Maandag kom groep A weer skool toe.

Die hersiene maatreëls van die onderwysdepartement bepaal nou dat grade R, 6 en 11 Maandag moet begin en nie meer graad 1, 2 en 3 ook nie, maar soos gesê, skole met toestemming mag voortgaan.

Ons is almal bekommerd oor die skerp toename van COVID-19. Ons hou egter konsekwent vol met die veiligheidsmaatreëls, soos aan u deurgegee. Die volgende *hoofpunte* word uitgelig:

- Leerders word 'gescreen' wanneer hulle by die skool aankom.
- 'n Tweede rondte lesing van temperature word geneem, ongeveer 1 uur na die skool begin het.
- Personeel word 'gescreen' met hul aankoms by die skool.
- Klasse word daagliks gesaniteer, met goedkeurde saniteringsmiddels.
- Tafels / banke word almal, elke middag direk na skool gesaniteer.
- Maskers word deurlopend gedra.
- Sosiale afstand word gehandhaaf.
- Saniteringsmasjiene (foggers) is aangekoop, waarmee die klasse as addisionele maatreël in die middae na skool gesaniteer word.
- 'n Addisionele persoon is tydelik aangestel om te help met die sanitering in die middae.
- U kan ook op die WKOD webwerf kyk na al die regulasies, waaraan skole moet voldoen.

Geen instansie of skool kan waarborg dat niemand siek sal word nie, maar ons doen alles binne ons vermoë om u kind te beskerm.

Ouers met kinders wat aan onderliggende siektetoestande (komorbiditeite) lei, kon – en kan steeds – aansoek doen dat kinders voortgaan om hul skoolwerk wat aangestuur word, by die huis te doen. Die vergunning is nou uitgebrei. Ouers wat bekommerd en angstig is en liewer nie hul kinders wil terugstuur skool toe nie, kan nou ook aansoek doen dat hul kinders voortgaan met skoolwerk by die huis. Die nodige aansoek- en ondernemingsvorms sal binne die volgende 2 dae aan skole beskikbaar gestel word. Ouers kan die vorms aanvra en terugstuur na die skool. Daar moet aansoek gedoen word en 'n onderneming gegee word dat die ouer sal toesien dat alle werk gedoen word, asook dat alle werk by die skool afgehaal en teruggestuur sal word, soos deur die skool bepaal.

Ons het ook die samewerking en ondersteuning van ons ouers nodig:

- Leerders wat siek is, moet liewer tuis gehou word.
- Indien 'n leerder direkte kontak gehad het met iemand wat positief met COVID-19 gediagnoseer is, moet die leerder 14 dae in selfisolasie gaan, tensy die leerder getoets word en die uitslag negatief is.
- Direkte kontak word beskou as:
  - kontak soos bv. handdruk of omhelsing
  - kontak met iemand positief vir COVID-19, vir langer as 15 minute en nader as 1 meter van mekaar sonder masker
  - persone wat in 1 huis saamwoon (Bron: National Institute for Communicable Diseases)

Ek besef dat hierdie 'n baie spanningsvolle tyd vir u almal is. Kontak my asseblief indien u meer inligting nodig het. My beste wense vergesel u elkeen.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof